

FORMULE VIR SINODALE BYDRAES

1. WAAROM SINODALE BYDRAES?

Artikel 35 van die *Kerkorde* Noord-Kaapland 2016 lui:

Tot die taak en bevoegdheede van die sinode hoort:

- 35.1 *die opstel en wysiging van bepalings en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die Kerkorde in stryd is nie;*
- 35.2 *die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes in sy gebied, met inagneming van Artikel 22 en daarom ook Artikel 26, 31 en 43 van die Kerkorde. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die sinode self bepaal;*
- 35.3 *die opleiding van predikante soos deur Artikel 6 van die Kerkorde bepaal;*
- 35.4 *die opbou van die nodige fondse met die oog op eie werksaamhede en die finansiering van die Algemene Sinode volgens 'n aanvaarde formule;*
- 35.5 *die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;*
- 35.6 *die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode; en*
- 35.7 *die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode¹ op voorwaarde dat:*
 - 35.7.1 *die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;*
 - 35.7.2 *minstens twee derdes van 'n sinode ten gunste daarvan besluit;*
 - 35.7.3 *minstens twee derdes van die kerkrade van 'n sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;*
 - 35.7.4 *dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied, en*
 - 35.7.5 *dit nie as 'n wysiging van die NG Kerk se gemeenskaplike belydenisgrondslag beskou word nie.*

¹ Appèl/beswaar is ingedien teen die Algemene Sinode 2015 se goedkeuring van Artikel 35.7. Op grond hiervan is die inwerkingtreding van die AS 2015-besluite oor die uitbreiding van die belydenisgrondslag opgeskort tot na die afhandeling van die appèlle. Die opskorting beteken nie die nietigverklaring van genoemde besluite nie.

Bepaling 35 van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland lui:

35.2.1 *Fondse vir sinodale werk word deur die gemeentes voorsien.*

35.2.2 *Die formule vir die berekening van die bydraes vir sinodale fondse moet so vasgestel word dat dit die basiese behoeftes van die gemeente in ag neem.*

Die sinode is gemeentes (kerke) wat saamkom en besluit om sekere take gesamentlik uit te voer. Daarom voorsien die gemeentes die nodige fondse vir werk waarvoor hulle self besluit het.

Met ander woorde, sinodale werk is niks anders as gemeentelike en/of ringswerk wat gemeentes of ringe saam doen nie. Daarom is sinodale bydraes steeds vir ons eie werk, en mag dit nooit gesien word as iets wat van bo af op die gemeentes afgedwing word nie.

2. FORMULE

Die formule werk met die beginsel dat die sinode die werk doen met die geld wat deur die gemeentes voorsien word volgens 'n vaste persentasie. Die sinode slaan nie gemeentes aan volgens 'n voorafopgestelde begroting nie. Ons werk nie met 'n behoeftebegroting nie, maar met 'n inkomstebegroting.

Die formule lê 'n baie groot verantwoordelikheid op die sinodale kommissies, sowel as die gemeentes. Sinodale kommissies moet baie fyn beplan om met die beskikbare fondse hulle werk gedoen te kry. Die gemeentes se verantwoordelikheid is om te sorg dat daar genoeg fondse beskikbaar is om die werk te doen.

Die sinode besluit dat surplusfondse aan die einde van 'n finansiële jaar nie aan gemeentes terugbetaal word nie. Surplusfondse word na 'n projekfonds oorgedra. Die doel van die fonds is om ringe en gemeentes te help om in die lig van die belang van missionêre transformasie projekte in rings- en gemeente verband te begin of bestaande projekte te ondersteun.

2.1 Beginsels

Die volgende beginsels word toegepas:

2.1.1 Dit is elke gemeente se voorreg om jaarliks 6% van sy inkomste by te dra vir ons gesamentlike werksaamhede.

2.1.2 Sinodale Kollektes

Aanvullend tot bogenoemde bedrag, sal elke gemeente jaarliks twee maal deurkollektes vir 11 verpligte kollektes opneem. Die kollektes help om die begroting vir die betrokke saak te laat klop. Daar is ook vrywillige kollektes wat 'n gemeente kan opneem.

Vir die name van die verpligte en vrywillige kollektes sien punt 3.

Die kollekte sal aan die einde van die maand waarin dit opgeneem word, aan die sinodale kantoor oorbetaal word.

2.1.3 Die sinodale bydraes sal deur die gemeentes self bereken en maandeliks oorbetaal word.

2.1.4 Gemeentes word opgeroep om vrywillige bydraes te maak vir ons gesamentlike werksaamhede. Die behoefte/nood sal gereeld deur die verskillende sinodale kommissies onder die aandag van die gemeentes gebring word.

2.2 Toegewings

Aansoeke moet ingedien word binne die finansiële jaar waarin die projek of verandering plaasvind.

2.2.1 **Nuwe gemeentes**

Nuutafgestigte gemeentes kry vir 'n tydperk van vier jaar jaarliks 'n afslag van 50% op die sinodale bydraes.

2.2.2 **Kapitaal projekte**

Wanneer 'n gemeente die volgende wil aanpak:

- (a) 'n groot kapitaalprojek (instandhouding uitgesluit) ten opsigte van geboue bv. kerk, saal, kategeselokale en pastorie,
- (b) 'n groot kapitaalprojek t.o.v. beveiliging van bestaande geboue,
- (c) 'n groot kapitaalprojek t.o.v. elektroniese en oudiovisuele hulpmiddels en verkoeling in 'n gemeente vir die eerste keer wil installeer (opgradering uitgesluit)

en in aanmerking wil kom vir kwytskelding (toegewings, t.o.v. sinodale-en ringsbydraes) moet die volgende prosedure gevolg word.

- (i) Die kerkraad stel 'n behoorlike beplanning van die projek op wat veral verwagte koste en beoogde termyn van delging insluit.
- (ii) Die beplanning word eers aan die ring voorgelê wat oordeel of dit wenslik is dat die gemeente die projek aanpak en of die gemeente dit kan bekostig.
- (iii) Die beplanning word voorgelê aan die sinodale kommissie vir hulpdienste wat besluit oor die toewising.

Bogenoemde prosedure moet gevolg word voordat die kerkraad enige ooreenkomste met argitekte of bou-aannemers sluit.

'n Gemeente kom in aanmerking vir die volgende toewising:

Die gemiddelde inkomste van die vorige drie jaar sal as basis vir die berekening van sinodale bydraes dien en vir die volle periode geld. Alle ander inkomste wat dan meer is as die gemiddeld van die vorige drie jaar sal dan nie in berekening gebring word vir sinodale bydraes nie. (Dit sal 'n gemeente dus in staat stel om 'n buitengewone poging aan te wend om fondse in te samel vir die bou- of restourasieprojek, terwyl hulle nog, soos die vorige jare, hulle bydrae teenoor die sinode nakom).

Die toegewing ten opsigte van 2.2.1 en 2.2.2 geld slegs vir vier volle finansiële jare of tot die skuld gedelg is, watter ook die eerste is.

2.2.3 **Wins op verkoop van vaste eiendom**

Geen sinodale bydrae word bereken op die inkomste verkry uit die verkoop van eiendomme nie.

2.2.4 **Huurgeld**

Sinodale bydraes word bereken op die bruto inkomste van die verhuring.

2.2.5 **Bruidskat by afstigting**

Geen sinodale bydrae sal bereken word op die bruidskat wat 'n nuutafgestigte gemeente ontvang nie indien die bruidskat afkomstig is uit fondse waarop reeds sinodale bydrae betaal is nie.

2.2.6 **Bydraes uit Gemeentebediensfonds, Sendinghulpfonds en Jeugwerkfonds asook ander toekennings uit sinodale fondse**

Geen sinodale bydrae sal bereken word op bedrae wat 'n gemeente ontvang uit die genoemde fondse nie.

2.2.7 **Hulpverlening aan hulpbehoewende gemeentes**

Geen sinodale bydrae sal bereken word op bydraes wat gemeentes as hulp ontvang nie.

2.2.8 **Erflatings**

Geen sinodale bydrae sal op erflatings bereken word nie.

2.2.9 **Fondse vir oorbetalings**

Insamelings soos sinodale en spesiale kollekte en ander fondse vir oorbetalings is nie onderhewig aan sinodale bydraes nie, maar dit moet voor die einde van die boekjaar oorbetalings word, anders sal dit in berekening gebring word.

2.2.10 **Bydraes vanaf ringe en die sinode**

Bedrae wat 'n gemeente vanaf ringe en die sinode ontvang is nie onderhewig aan sinodale bydraes nie.

2.2.11 **Beleggings-inkomste**

Sinodale bydrae is betaalbaar op alle rente en dividende van 'n belegging wanneer dit toeval.

Geen sinodale bydrae is betaalbaar op Kapitaalwinst of kapitaalgroei nie.

2.2.12 **Gemeenskapsprojekte**

- (a) Donasies/fondse wat ontvang word vir 'n projek, met die oog op dienslewering buite die gemeenteverband, word vrygestel van die (nou 6%) sinodale verpligting.
- (b) Die onaangewende surplus van hierdie projek is jaarliks aan die einde van die boekjaar onderhewig aan sinodale bydrae (nou 6%).
- (c) Gelde wat in die gemeente ingesamel/ontvang word vir gemeentelike barmhartigheidsdiens bly onderhewig aan die sinodale heffing.

Wanneer 'n gemeente in aanmerking wil kom vir kwytstelling van die sinodale bydrae op gemeenskapsprojekte (toegewings, ten opsigte van sinodale- en ringsbydraes) moet die volgende prosedure gevolg word:

- (i) Die kerkraad stel 'n behoorlike beplanning vir elke nuwe projek op wat die oogmerk van die projek, die begunstigdes, verwagte inkomste-bronne en die duur van die projek aandui.
- (ii) Die beplanning word eers aan die ring voorgelê wat oordeel of dit wenslik is dat die gemeente die projek aanpak en of die gemeente dit kan bekostig.
- (iii) Die ring moet die beplanning voorlê aan die sinodale kommissie vir hulpdienste wat die ring adviseer in terme van die aansoek.
- (iv) Die ring kan nadat die advies van die sinodale kommissie vir hulpdienste ingewin is 'n besluit neem. Die ring is ook verantwoordelik vir die deurlopende toesig by die projek.
- (v) Hierdie proses moet jaarliks vir die duur van die projek herhaal word met jaarlikse verslagdoening aan die ring.

2.2.13 Basaar/fondsinsameling

Uitgawes wat aangegaan word vir basaar/fondsinsameling kan verhaal/afgetrek word van die inkomste wat gegenereer word deur die basaar/fondsinsameling. Slegs op die netto inkomste van die basaar/fondsinsameling word 'n sinodale bydrae gehef.

2.3 Aanpassings

Die sinodale kommissie vir hulpdienste kry volmag om kleiner aanpassings in die formule te maak, met verslag aan die sinode.

2.4 Die sinodale kommissie vir hulpdienste beskik nie oor die bevoegdheid om agterstallige sinodale bydraes van 'n gemeente af te skryf of om toestemming te gee dat 'n gemeente nie sinodale bydraes hoef te betaal nie.

3. VERDUIDELIKING VAN FORMULE

3.1 Sinodale en spesiale kollektes

3.1.1 Die volgende sinodale kollektes is goedgekeur as verpligte kollektes:

- (a) Botswana
- (b) Gemeentebedieningfonds
- (c) Hospitaalbearbeiding
- (d) Jeugwerk
- (e) Caritas Kinder- en Jeugsorgsentrum
- (f) NGKA Phororo
- (g) RCA-Pearl
- (h) Teologiese en maatskaplike werk studiefonds
- (i) VGK Phororo
- (j) VBO (voortgesette bedieningsontwikkeling)
- (k) Diens en Getuienis Hulpfonds

Baie belangrik!!

- (i) Die verskillende sinodale kommissies hierbo genoem, sal volle inligting gee waarvoor die kollektes gaan. Dit sal help om die saak bekend te stel.
- (ii) Hierdie kollektes word opgeneem as **aanvulling** van die betrokke kommissie se begroting. Met ander woorde, dit kan nie gebruik word om die gemeentelike sinodale bydraes te help betaal nie.
- (iii) Hierdie kollektes moet aan die einde van die maand waarin dit opgeneem is, aan die sinodale kantoor oorbetaal word.
- (iv) Dit staan gemeentes vry om meer kollektes vir 'n spesifieke kommissie op te neem. Bogenoemde is die minimum.
- (v) Hierdie kollektes word twee maal per jaar opgeneem.

3.1.2 Vrywillige sinodale kollektes

- 3.1.2.1 Versoeke vir “vrywillige kollektes”, om huidige bedienings-behoeftes aan te spreek, moet jaarliks voor einde Oktober deur sinodale kommissies by taakspan beplanning en begroting ingedien word.
- 3.1.2.2 Nadat taakspan *beplanning en begroting* in November die “vrywillige kollektes” goedgekeur het, word ’n lys deur die sinodale kommissie vir hulpdienste in ’n skrywe, naamlik *Inligting vir kerkrade se gebruik op die aankondigings Sondag oor sinodale kollektes*, aan gemeentes deurgegee.

3.2 Berekeninge sinodale bydraes

Dit is van die grootste belang dat kassiere baie noukeurig sal let op die prosedure wat gevolg moet word met die oorbetalings.

- 3.2.1 Die kassiere moet self die berekenings maak - daar word geen "aanslag" van die kantoor af gestuur om te sê wat gemeentes moet oorbetal nie, aangesien die sinodale kantoor nie weet wat ’n gemeente se inkomste vir die maand was nie.
- 3.2.2 Die vorm wat die kantoor uitstuur moet gebruik word om die bedrag te bepaal wat aangestuur moet word.

Dit is baie belangrik dat bydraes so spoedig moontlik na die einde van die maand aangestuur word.

Onthou: Die bedrag word elke maand aangestuur, bereken volgens die inkomste van die betrokke maand.

4. GEMEENTELIKE DANKOFFERS

Die volgende besluit van die sinode van 1987 is ook belangrik:

“Die sinode versoek kerkrade om werklik erns te maak om voortdurend aan gemeentelike spesifiek leiding te gee ten opsigte van die gee van hul dankoffers. Gemeentelike moet steeds meer bewus gemaak word van die Bybelse opdrag en riglyne ten opsigte van die gee van dankoffers, asook van die wyse waarop en ook waarvoor dankoffers bestee word.”